

VERKLARING DEUR ORTHOTOUCH

11 Mei 2018

Orthotouch het kennis geneem van sekere media berigte m.b.t. die onlangse verrigtinge in die Hoogste Hof van Appèl (“die HHA”) te Bloemfontein op 8 Mei 2018 en is van mening dat sekere beriggewing voortspruitend uit die sake aangehoor reggestel moet word ten einde ongehinderd reg te laat geskied aan die artikel 155 reëlinskema in belang van beleggers betrokke se eise in die skema.

Die HHA het twee sake aangehoor. Eerstens die onttrekking van ’n aansoek in 2015 om die artikel 155 reëlinskema tersyde te stel, deur ’n minderheid groep beleggers en tweedens die onttrekking van vier applikante wie in 2014 aangevoer het om ’n groter groep beleggers te verteenwoordig wat die aansoek om sertifisering van ’n beoogde klas aksie ondersteun het.

Daar word verwarring in die media geskep deur foutiewelik te berig dat die Hoëveld Sindikasie Aksie Groep (“HSAG”) besig is met ’n beoogde klas aksie wat eise teen Mnr. Nic Georgiou en Orthotouch insluit. Die HSAG het geen geregistreerde eise as ’n groep nie en daar is ook geen eise namens die klas aksie teen Orthotouch nie. Die HSAG is ook nie ’n applikant in enige regs geding nie en is ’n uitspraak ten gunste van die HSAG dus nie moontlik nie, soos ook foutiewelik in die pers berig.

’n Klas aksie moet eers deur die hof gesertifiseer word voordat daarmee voortgegaan kan word en die werklikheid van die afgelope week se hofverrigtinge is slegs ’n eerste stap om voor te gaan met die aansoek om sertifisering van ’n klas aksie en daarna kan litigasie volg. Dit geld ook vir die aansoek om met die tersydestelling van die reëlinskema voort te gaan en kan litigasie ook nou langs die normale kanale voortgesit word.

Orthotouch is in ’n mate teleurgesteld dat die Appèlhof nie hul regspan se volledige argumente aangehoor het nie aangesien hul van mening is dat die Hof se bevinding beslis rigtinggewend sou wees tot regs geskiedenis m.b.t. die regte en verpligtinge en die sertifisering van klas aksies in die algemeen.

Die onderskeie aansoeke vir appèl is gevolglik terug getrek deur die applikante se regspan bloot om enige onjuiste gevolgtrekking te voorkom en het dan koste aangebied. Daar was ook geen toegewing of bevinding dat Mnr. Georgiou oneties opgetree of die regstelsel misbruik het soos in die pers berig nie.

Die pers het verder ook bewerings gepubliseer dat Mnr. Georgiou en/of van sy maatskappye sowat R4,6 miljard van beleggers ontvang het. Dit is van alle waarheid ontbloot en volslae leuens aangesien Mnr. Georgiou nooit betrokke was by Pickvest, Bosman & Visser of enige van die Hoëveld Sindikasie Maatskappye (“die H’S Maatskappye”) nie.

Zephan Properties (Pty) Ltd (“Zephan”) het sekere eiendomme aan Bosman & Visser verkoop teen markverwante pryse welke eiendomme deur Bosman & Visser aan die H’S Maatskappye verkoop is. Die H’S Maatskappye het op hul beurt die eiendomme aan die publiek ge-sindikeer in teenstelling met wat in die pers berig word. Mnr. Georgiou het nooit enige betaling of aanspraak gemaak op enige betaling van die H’S Maatskappye nie. Dit is feite wat sekere teenstanders en ondermyners van die reëlinskema graag ignoreer aangesien die skema nie hul eie self verrykende agendas pas nie wat nie die belange van die beleggers respekteer en bevorder nie.

Die H'S Maatskappye het in 2011 finansiële probleme ondervind tot so 'n mate dat hul nie in staat was om rente betalings aan beleggers op hul beleggings na te kom nie en is vrywillige in besigheid redding geplaas. Slegs nadat die H'S Maatskappye in besigheid redding geplaas is, het Orthotouch 'n aanbod aan die H'S Maatskappye gemaak om die eiendomme en regte in eiendomme teen mark verwante pryse te koop.

Die aanbod is gepubliseer in die Besigheid Reddings Plan wat deur 'n meerderheid stem aanvaar is. Die alternatief vir die H'S Maatskappye was likwidasië waarin die beleggers al hul beleggings sou verloor. Sedertdien tot datum het Orthotouch meer as R1,3 miljard se rente aan beleggers betaal.

Wat van belang is om op te let soos vervat in die Reëlinskema Plan en in belang van beleggers is dat Zephan geen betaling ontvang voordat beleggers ten volle betaal is nie.

Die reëlinskema deur Orthotouch voorgestel om die eiendomme van die H'S Maatskappye te koop was behoorlik geadverteer en die nodige openbare vergaderings gehou in 2014. Dit was duidelik gestel aan alle belanghebbendes dat die artikel 155 reëlinskema deur die hof gesanksioneer moet word na aanvaarding en beleggers was vooraf geadviseer om onafhanklike regs advies in te win voor hul 'n stem uit bring.

Daar word ook verder valslik berig dat Mnr. Georgiou se maatskappye in besigheid redding geplaas is en word dit benadruk dat die H'S Maatskappye nooit Mnr. Georgiou se maatskappye was nie.

Mnr. Theron wat as prokureur vir die HSAG optree word aangehaal dat hy sou gesê het dat die klas aksie die geld van beleggers van Orthotouch en Mnr. Georgiou sal verhaal. Dit is nie korrek nie en misleidend aangesien daar geen eis teen Orthotouch in die voorgestelde klas aksie is nie. Die klas aksie, as dit gesertifiseer word, sal nie Orthotouch raak nie of die uitvoering van die reëlinskema nie.

Al die regsaksies deur Mnr. Theron en die teenstanders van die reëlinskema is slegs daarop gemik om die implementering van die reëlinskema te vertraag en die fondse met aanhoudende litigasië uit te put wat andersins aan beleggers betaal kon word.

Ons is steeds van mening dat die reëlinskema onder omstandighede die enigste uitweg is vir beleggers om die meeste waarde uit hul beleggings in die H'S Maatskappye te kry.

Orthotouch.

NB! Hierdie is 'n vry vertaling van Orthotouch se gepubliseerde amptelike Engelse verklaring.